Ps. 100: 1-4
" 25: 2
Ges. 33: 6, 7

Die Uitdaging van Gehoorsaamheid. | Irene 17/2/46.

1 Sam. 3: 1-18

1 Sam. 3: 15 - Maar S. was bevrees om d. gesig aan Eli mee te deel.

Baie mense glo nie in God nie - en voer as rede aan: „God nog nooit aan my verskyn, met my gepraat nie. Hoe kan ek dan weet dat daar 'n God is?"

Ander weer glo dat daar 'n God is - mr. Hy bly vir hulle 'n vae onduidelikheid: nou & dan hoor hulle sy stem, maar verder beteken God vir hulle niks. Hulle weer voer as rede aan: „God praat nie so hard & so duidelik dat ek kan hoor nie"

Moeilik is: dié mense wat so dink & so praat wil hê dat God aan hulle moet verskyn soos aan in Moses, Eli, Saulus. Vergeet: God praat selde met ons deur sulke skrielike grootse openbaringe - & as Hy dit doen is dit alleen omdat dié, aan wie Hy verskyn, ~~Hom~~ Sy stem vooraf leer ken het op ander, gewone maniere -

Die moeilikheid is nie dat d. Here nie praat nie: Hy praat elke dag, elke oomblik, ~~tot~~ met elke mens - die moeilike is dat ek nog nooit geleer het om te luister nie - of as ek Hom gehoor het, om te gehoorsaam nie! Daarom vra:

I Hoe praat God met my?
II Hoe antwoord ek?
III Hoe voer ek d. opdrag uit?

I Hoe praat God met my? Eintlik moet ek vra: Hoe praat God nie? Want daar is so baie maniere ~~wa~~ w/d d Here met ons praat:

I ① **Gods Wd:** Daar is d. hele Wd v. God self in Hy Homself so duidelik openbaar. Druk mr. a.d. gesk. v Isr., d. lewensloop van Godsmanne afgeskilder – net bietjie dt lees om te besef: God praat met my!

Het God al so met u gepraat deur Sy Wd? Indien nie – is dit nie omdat u Hom nie ken in Sy Wd?

② **Gods Seun:** Die hele lewe v. Xt. Jesus: waar hy ons 'n dieper, innige[r] ~~openb~~ beeld v. d. wese v God d. Vader – sy liefde, sy redding – as in d lewe v Sy Seun? Besef: God praat met my!

Het God al so met u gepraat deur Sy Seun? Indien nie – is dit nie omdat u Sy Seun nog nooit leer ken het nie?

③ **Gebed:** Gebed is ons voorreg om m. O te praat – & na Hom te luister! Vir baie mense beteken gebed hulle lewe: besef – God praat met my!

Het God al so m. u gepraat deur d. gebed? Indien nie – is dit nie omdat U Hom nooit soek in gebed?

④ **Gees:** Gods Gees werk altyd deur in ons harte: te lei, onderwys, vertroos. Wie d. hart eenmaal besit geneem is van Gods Gees besef: God praat met my!

God al so met u gepraat deur Sy Gees? Nie – is dit nie omdat Sy Gees nie kan ingang vind by u?

⑤ **Gewete – Omstandighede – Vriende:** Almal middels wat God gebruik om te praat. Niks wat ons lewe raak – of dit is God wat praat.

Hoe sien ons dit: noodlot; – omstde – of God?

II **Hoe antwd ek?** God praat met ons – gedurig deur. Wat maak ek as God praat?

Kan baie dinge doen: – Kan maak of ek niks hoor nie (geestelike doofheid) – hoor, maar vergeet dan weer so gou (geestl. vergeetagtigheid); – of ek hoor iemand praat, mr. ek besef nie dis die Here nie: – soos Samuel – omdat ek Sy Stem nog nie ken nie!

Wat maak u dan as God praat? Die Vr. is nie of ek dadelik d. stem herken as Gods stem nie – mr. of ek bereid is om te luister! God sal aanhou roep – soos m. Samuel – as Hy weet dat ons wil luister! Al wat Hy verwag is dit: „Spreek Here!"

Daar d. geheim: as God praat om stil te kan word & sê: „Spreek Here!" Het u dit al geleer?

As omstande druk: „Spreek Here!"
As beproewing oorweldig: „Spreek Here"
As mismoedighd oorval: „Spreek Here"
As versoekings aanstorm: „Spreek Here"

As u dit eenmaal geleer het dan word d. lewe 'n nuwe vreugde, 'n gedurige wonder! Al // Weet: God antwd nie dadelik nie – want ons nog nie ryp om Sy antwd te verstaan & te begryp (soos vader antwd op vrae v. sy Kind). Mr. as God antwd: hoe wonderlik om dan Sy stem te hoor! Hoe arm die wat dit nooit hoor!

III. Hoe voer ek d. opdrag uit: In elke antwd van God is daar 'n opdrag – 'n toets vir ons gehoorsd – iets wat gedoen moet word. Daardie werk, opdrag, bring miskien smart mee – vir myself, my dierbares, my vriende. Wat maak ek dan?

God het my op sonde gewys in eie lewe: ~~sê hy~~ besef ek moet gaan bely en regmaak. Beteken: my eie eer, my prestige, my popu-lariteit in gevaar gestel. My hoogmoed weerhou my: wat maak ek dan?

God wys my op kankerplekke in lewe vriende: ~~sê hy~~ besef ek moet gaan praat – soos met Sam. Let op: Die Here het nêrens vir Sam. gesê hy moet vir Eli gaan sê nie – dit was Sam. self besluit – teks! Bring mee: mooi vriendskappe miskien verbreek, ander my bespot & uitlag: wat maak ek dan? – Vader vloek – Man sonder God – Kind nie meer..

Een ding weet ek: ek kan self speel dat ek d. Here is & dan besluit om hemin d. lyding & pyn a.d. hart v. ander te spaar – Mr. dan weet: sal altyd 'n hindernis bly tussen my siel en God! Dokter ^ God sal nie weer praat totdat ek eers d. eerste opdrag uitgevoer het nie! Voor ek nie d. stem gehoorsaam nie – sal my siel donker bly!

Mr. word. gewaag: as ek gewillig is – gehoorsaam sal God self d. pad oopmaak (vgl. Eli & Sam.) & tot seën maak!

Amen